

Die amazing geloofsreis!

Ons hoop jy's reg vir die amazing geloofsreis! Ons gaan vanjaar saam ontdek dat geloof rêrig is, dat dit die moeite werd is om die Here te volg en dat Hy die Lewe in oorvloed bring (Joh 10:10). En die wonderlike is, jy hoef dit nie op jou eie te doen nie – ons doen dit saam met mekaar. Ons gaan mekaar vanjaar ondersteun en help, maar ook uitdaag om nie 'n halfpad-Christen te wees nie, maar voluit te gaan. Ons gaan saam Bybel lees en ontdek dat 'n eeue-oue boek vol kraakvars nuus vir vandag kan wees. Ons gaan saam worstel met vandag se vrae – niemand gaan snaaks opkyk as jy oor iets wonder nie. Ons gaan saam kuier, mekaar geniet en ontdek dat ons bedoel is om mekaar aan te moedig. Ons gaan vriendskappe smee en baie by mekaar leer.

Die reisplan

Ons volg die 7-weke program vir die eerste kwartaal. In vanjaar se Sewe Weke val die klem op *ritmes vir die lewe* – praktiese verbintenisse wat ons help om ons verhouding met die Here te bou en uit te leef.

In die 2de en 3de kwartaal kyk ons na kern geloofsvrae en hoe ons dit prakties in ons lewens kan toepas.

Ons kom Sondagaande 18:00-19:00 in die Foyer van die Hofmeyersaal bymekaar. Bring asb altyd jou Bybel en 'n pen of potlood saam na die byeenkomste.

Hierna woon ons saam met die ander graadgroepe die Up-Jeugdiens by – 19:00-20:00.

En waartoe lei dit alles?

In 2020 kan jy by een van drie geleenthede in die kerk voor die gemeente getuig dat jy gekies het om Jesus te volg omdat Hy gekies het om vir jou sy geliefde kind te maak.

Jy en jou ouers moet 'n briefie vir ons skryf waarin jy aandui wanneer en waarom jy graag belydenis van geloof wil aflê. Daar is dan ook 'n gesprek met Jan en Marnus.

En dan is dit daardie besondere dag wanneer jy jou hand in die doopfont hou en onthou dat God gesê het: “Jy is Myne”. En jy antwoord daarmee: “Ja, Here, ek is U s'n.”

Kom gesels met ons!

Jan van Zyl
jan@moederkerk.co.za
0828713155

Marnus Havenga
marnush@sun.ac.za
0616611005

JAARPROGRAM

EERSTE KWARTAAL

13 Jan	Registrasie Verwelkomingsdiens Hofmeyrsaal
20 Jan	Eerste ontmoeting saam met ouers
27 Jan	Sewe Weke 1
3 Feb	Sewe Weke 2
10 Feb	Sewe Weke 3
17 Feb	Sewe Weke 4
24 Feb	Sewe Weke 5
3 Maart	Sewe Weke 6
10 Maart	Sewe Weke 7

TWEDE KWARTAAL


7 Apr	God, die Skeppende EEN
14 Apr	God se storie van VERLOSSING
21 Apr	Langnaweek
28 Apr	Die Heilige Gees, God ín ons
5 Mei	Gawes van die Gees – groei en opbou
12 Mei	Die Doop – Wie s'n is ek
19 Mei	Gebed – <i>asemhaal</i>
26 Mei	Gemeenskap – STRAATLIG

DERDE KWARTAAL

14 Julie	Die Kerk – 'n gebou of 'n voertuig?
21 Julie	Ek het 'n <i>unieke plek</i> in God se span
28 Julie	Kry jy die <i>clues</i> ? Om God se stem te hoor
4 Aug	Ander Godsdienste
11 Aug	Langnaweek
18 Aug	Seksualiteit en verhoudings
25 Aug	Wat van <i>siekte, lyding, swaarkry</i> ?
1 Sept	Hoe sê mens <i>dankie</i> ?
7/8 Sept	Pelgrimstog
15 Sept	Afsluiting saam met ouers

Die amazing
geloofsreis

2019



MOEDERKERK
KRUISKERK